kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Is dit werklik nodig om te aanbid?

Skriflesing: Johannes 10:11-18 en Psalm 23

Broodjies vir die pad

Seisoen

Al gee winter hoop vir die nuwe;
al bloei lente die mooiste belofte
en somer sing met sonstrale,
bloubessiewoorde.
Al verlei herfs in koper en goud,
sal ek onthou:
Seisoene beweeg altyd verby.

Von Villon

"I may not have gone where I intended to go, but I think I have ended up where I needed to be."
— douglas adams, The Long Dark Tea-Time of the Soul

"I am nothing special, of this I am sure. I am a common man with common thoughts and I've led a common life. There are no monuments dedicated to me and my name will soon be forgotten, but I've loved another with all my heart and soul, and to me, this has always been enough.."
— Nicholas Sparks, The Notebook

"Let us be grateful to the people who make us happy; they are the charming gardeners who make our souls blossom."
— Marcel Proust

"We listen for guidance everywhere except from within."
— Parker J. Palmer, Let Your Life Speak: Listening for the Voice of Vocation

"I have possessed that heart, that noble soul, in whose presence I seemed to be more than I really was, because I was all that I could be."
— Johann Wolfgang von Goethe

"Humility is the product of ongoing repentance as one decides against, turns from, and by watching and praying seeks to steer clear of pride in all its forms. And as the battle against pride in the heart is lifelong, so humility should become an ever more deeply seated attitude of living at the disposal of God and others—an attitude that veteran Christians should increasingly display. Real spiritual growth is always growth downward, so to speak, into profounder humility, which in healthy souls will become more and more apparent as they age."
— J.I. Packer, Finishing Our Course with Joy: Guidance from God for Engaging with Our Aging

"The knight in shining armor who does all he can to protect others, the gentleman who lays down his cloak or opens a door for a lady—these are Christian ideals of manliness. Jesus said that he who would lead must be the servant of all. It's the biblical idea of servant leadership. The true leader gives himself to the people he leads. The good shepherd lays down his life for his sheep. Jesus washed the feet of the disciples. Jesus died for those he loves. That is God's idea of strength and leadership and blessing. It's something to be used in the service of others. So God's idea of masculine strength gives us the idea of a chivalrous gentleman toward women, not a bully or someone who sees no difference between himself and them."
— Eric Metaxas, Seven Men: And the Secret of Their Greatness

"God does not sow the field of our life. He does not make these things happen. He did not cause Chester's car to smash into Paula's car, killing her young husband and her daughter. God doesn't deal with the world that way; he doesn't move us around like chess pieces. He does not sow, but he expects that out of whatever the world in its madness does to us, we will somehow reap a harvest. He does not sow these things that happen, but he expects us to deal with these things in creative and redemptive and life-opening sorts of ways. But again, the one-talent man was right, God does reap where he did not sow. He gathers where he did not winnow. He does not sow the pain, he does not make the pain happen, but he looks to us to harvest treasure from the pain."
— Frederick Buechner, A Crazy, Holy Grace: The Healing Power of Pain and Memory

'n Sielsreis kragtig uitgebeeld

Leon van Nierop

Nomadland.* Met Frances McDormand en David Strathairn. Regisseur: Chloé Zhao * In teaters. Beperking: 13.***

Loop katvoet, want alhoewel hierdie briljante film telkens benoem en bekroon is (Frances McDormand en die regisseur, Chloé Zhao, is die afgelope week met Baftas vereer), is dit taai. Mense wat dit gesien het, het teleurgesteld gereageer vir 'n film wat so hoog aangeslaan is, want vier sterre en talle pryse skep die indruk dat dit staande toejuigings gaan kry. Dit is nie hier die geval nie.

"Stadig" beteken dikwels dat daar nie elke twee minute 'n superwese uit die heelal neerdaal om die heldin by te staan nie. "Vervelig" beteken soms dat die rolprent die innerlike (en in dié geval uiterlike) landskap van die hoofkarakter verken en nie elke paar minute 'n kinkel in die storiekabel plaas nie. "Langdradig" kan beteken dat gehore wat net hamburgers eet, nie gereed is vir 'n tiengangmaaltyd met eenvoudige, aardse disse nie. En dis te verstane. Wees bewus dat al die lofsange nie

beteken jy moet hoed, handsak en motorsleutels gryp en fliek toe jaag nie.

Jy hoef ook nie ’n hooggeleerde rolprentkundige te wees om dit te waardeer nie. Die sjarme lê in die feit dat so min op die oog af gebeur, maar tog ook so baie.

’n Verlate vrou swerf van werk na werkloosheid deur ’n onherbergsame, antagonistiese en dikwels dor en sneeubedekte landskap. Sy maak soms vriende, maar is eintlik haar eie beste vriendin. Sy voer ’n nomadiese bestaan wat die rolprent intens ontleed en wat vele mense onaangeraak mag laat. (”Vervelig” sien?) Dit sal ander besiel.

Dit gaan eintlik oor die vind van die self terwyl ander haweloses, wat in woonwaens of sinkkrotte bly, soos maer beeste by Fern verbydryf. Die wyse waarop die gatkant van Amerika uitgebeeld word, is verbluffend. Dus moet jou oog daardie detail raaksien. Ook waardering hê vir die naturalistiese spel van ander Nomadiese swerwers vir wie die lewe die gebruik van suurstof geword het. Fern is ’n menslike verskietende ster deur die heelal van verlore siele.

Maar hierdie sterk, hardgebakte, maar tog sensitiewe vrou met haar sigaret en skrefiesoë teen die lewe en ’n horison wat geen einde het nie, swerf byna apaties deur haar eie bestaan. Sy verlang nie meer as dit nie. Sy is net. In daardie opsig is sy ’n unieke protagonis van min woorde, maar tot barstens toe vol innerlike skoonheid. Eensaam is sy nie. Sy het mos haarself.

Dit is ’n sielsrolprent vir lesers wat die film as kunsvorm bewonder en geduldig saam met Fern sal reis.

McDormand is verstommend in ’n moeilike rol. Jy moet jou oorgee aan die nuttelosheid van sekere mense se bestaan wat tog ’n soort van betekenis daaruit put. Visueel is dit onthutsend, maar ook so mooi soos die lappop wat op die ashoop wag op beter dae. Aanbeveel, maar slégs indien jy respek vir die krag van ’n rolprent het wat ’n vrou se siel vasvang.

Dit is nie kommersiële vermaak nie. Die vier sterre word toegeken vanweë die hoogstaande en unieke, maar soms ontoeganklike invloed en wysheid hiervan.

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/leon-van-nierop-n-sielsreis-kragtig-uitgebeeld-20210418

“We are all damaged. We have all been hurt. We have all had to learn painful lessons. We are all recovering from some mistake, loss, betrayal, abuse, injustice or misfortune. All of life is a process of recovery that never ends. We each must find ways to accept and move through the pain and to pick ourselves back up. For each pang of grief, depression, doubt or despair there is an inverse toward renewal coming to you in time. Each tragedy is an announcement that some good will indeed come in time. Be patient with yourself.”
— Bryant McGill, Simple Reminders: Inspiration for Living Your Best Life

“The public have an insatiable curiosity to know everything, except what is worth knowing.”
— Oscar Wilde, The Soul of Man Under Socialism, and Selected Critical Prose

“Until one has loved an animal, a part of one's soul remains unawakened.”
— Anatole France

“A nation becomes what its young people read in their youth. Its ideals are fashioned then, its goals strongly determined.”
— James A. Michener

“We were never taught that acknowledging our weaknesses opens the doors for strength. Sharing our weaknesses with loved ones opens the door for guidance and help.”
— Pierre Jeanty, Unspoken Feelings of a Gentleman

Brood vir die pad

Ds. Tienie wys die lui van ’n klok as gebaar van hoop

RRV

‘Ring the bells that still can ring,” begin die refrein van Leonard Cohen se lied “Anthem” (van sy 1992-albumThe Future). Waarop die dikwels aangehaalde woorde volg: “Forget your perfect offering / There is a crack, a crack in everything / That’s how the light gets in.”

Dié lied kan geïnterpreteer word as ’n oproep om nie deur die realiteit van onvolmaaktheid en broosheid verlam te word nie. Om ten tye van donkerte en chaos nie te dink dat alles heel en perfek moet wees voordat ons iets kan doen nie. Daarom: Lui die klokke wat nog kan lui.

Ek het aan Cohen se woorde gedink toe ek ’n tydjie gelede die kortfliek Openbaringe van ds. Tienie Benadé (met regie deur Gerrit Schoonhoven en teks deur Dana Snyman) gekyk het. Dominee Tienie (voortreflik vertolk deur Frank Opperman) het vir baie ’n bekende figuur geword vanweë die eenmanstuk en latere rolprent Die klaagliedere van ds. Tienie Benadé.

In *Openbaringe* preek dominee Tienie weer, maar hierdie keer in ’n leë kerk weens die Covid-19-regulasies. Wat veral opval, is die eerlike en menslike wyse waarop hy die gemeente en sy eie weerloosheid en pyn verwoord.

Teen die einde van sy preek vertel en beduie dominee Tienie hoe hy in ’n stadium – amper soos die Bybelse Lasarus wat deur Jesus uit die dood opgewek is – ’n tweede asem gekry het en die kerkklok begin lui het.

Hy het die klok gelui vir almal wat die virus het en nog sal kry; vir mense wat hul werk verloor het; vir die dokters en die verpleegsters; vir hulle wat na hul kinders en kleinkinders verlang. Asook vir spesifieke mense wat hy op die naam noem. Die lui van die klok word sodoende ’n gebaar van hoop en liefde wat wyd uitkring.

Maar hy lui ook die klok vir sy vrou, met die emosionele smeekroep: “Kom terug, Ester!” Die verwonde dominee lui dus ook die klok as uitdrukking van sy eie verlange na liefde en heling.

Op hul onderskeie wyses kan dominee Tienie se lui van die kerkklok en die oproep in Cohen se lied om die klokke te lui as ’n uitnodiging dien om ondanks die “krake” in onsself en ons wêreld nogtans hoopvol te handel.

Trouens, die barste is waar die lig inkom. Juis daarom is daar altyd die moontlikheid om ten spyte van die donker weer te kan opstaan, weer te kan begin. Wat herinner aan die beginreëls van Cohen se “Anthem”: “The birds they sang / At the break of day / Start again / I heard them say.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-ds-tienie-wys-die-lui-van-n-klok-as-gebaar-van-hoop-20210417

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877